

Towerlantern Fotografie
fotografienuus
september 2017



*"Reënbelofte" ... Johann Nel
Lensopening f4; Sluiterspoed 1/1000; ISO 200*

Gedurende hierdie maande waarin Towerlantern Fotografie tien jaar oud word (1 Desember om presies te wees) wil ons hulde bring aan en ons dank betuig teenoor al ons fotografievriende. Teen 'n gemiddeld van ongeveer 10 persone per klasgroep en 40 kursusse (net die eerstevlakkursusse getel) staan dit op 400 kursusgangers. Dis 'n aansienlike hoeveelheid mense!

Dan wil ek verder gaan en baie dankie sê aan Johann Nel vir die saamwerk oor al die jare – van die heel eerste kursus af tot waar ons nou is by kursus nommer 40. Ons twee kon dit saam volhou ten spyte van verkoues, griepes en operasies. Baie dankie daarvoor, Johann.

As deel van my bedanking aan Johann plaas ons hierdie uitstalfoto, getiteld "Reënbelofte", van Johann op ons voorblad. Lees verder watter inligting Johann noem in verband met wolke en watter wenke hy gee ten opsigte van wolkskapfoto's. Lees ook nog oor ons onlangse uitstalling, oor fototitels, stof op kamerasensors en dan ook 'n foto-uitdaging.

wolkfotografie

Alle fotografe neem van tyd tot tyd wolkfoto's. As dit nie met jou so is nie, het jy nog nooit mooi sonsondergange gesien nie! Johann Nel gee die onderstaande inligting in verband met wolke en wolkfotografie – en dis belangrik om daarvan kennis te neem aangesien dit jou sal help om sekere verskynsels te antisipeer en goeie foto's daarvan te neem.

- Wolkfotografie is deel van landskapfotografie en daarom is komposisie net so belangrik as kamera-instellings.
- Basiese kennis van verskillende tipes wolke is noodsaaklik. Wolke word ingedeel volgens hoogte; daar is drie basiese groepe:
 - = Læ wolke – Stratus: Dit sluit miswolke en læ reënsluierwolke in.
 - = Middel wolke – Cumulus: Dit sluit mooiweerwolke en ook die opvallende donderstormwolke (Cumulus Nimbus) in.
 - = Hoë wolke – Cirrus: Dit sluit yl wolke in wat hoofsaaklik uit yskristalle bestaan.
- Die beste tyd vir wolkfotografie is die "goue uur" voor en na sonsopkoms en sonsondergang. Wanneer die son op sy "helderste" is net voor of nadat dit agter 'n wolk uitkom is die ideale "piektyd" om die sluiters te druk! Moet ook nie net na die wolke in die rigting van die son kyk nie (teen die son in), maar kyk ook na die wolke aan die teëgestelde kant (son-af).
- Daar is GEEN perfekte formule vir sluiterspoed en lensopening nie. In die meeste gevalle is dit die beste om altyd 'n relatief groot lensopening te gebruik vir 'n vinnige sluiterspoed om skerp inligting van wolke en skaduwees te kry – dit hang natuurlik af van die effek wat jy as fotograaf wil uitbeeld. Onthou dat wolke en landskappe ver genoeëg van jou af is sodat 'n vlak velddiepte nie hier ter sprake is nie.
- Gebruik altyd 'n driepoot waar enigsins moontlik. Verder, en dis belangrik, neem verskeie foto's van "reg belig" tot soveel as 3 stoppe "onderbelig". Dit het die voordeel dat jy later die beste, en kleurrykste, foto's kan uitsoek.
- Komposisie is altyd belangrik. Gebruik die afspraak van derdes en derdepunte, maar sorg dat wolk-impakfoto's tweederdes of meer van die hele foto beslaan. Let op na die voorgrond (een vyfde tot een sewende) wat deel is van die foto om die wolkskap te "anker".

ons onlangse foto-uitstalling

Ons het lank beplan aan die uitstalling en so het die uitstalling gekom en gegaan. Dit was 'n groot sukses met ongeveer 50 uitstallers en 135 gemonteerde en geraamde foto's. Baie dankie aan al die fotografe. Dankie ook aan Topcolour Kodak Express vir die uitdruk van die foto's, Raamhoekie vir die fotomontering en Jean Lampen vir die Blou Galery. Die foto's was van hoogstaande gehalte en almal het daarvoor gepraat. Ek sou baie graag van elke fotograaf foto's wou plaas maar jy kan beseft dat al sou dit net een foto per persoon wees, dan word dit al 'n reusetak.

Die betiteling van foto's

'n Saak wat van belang is by fotowaardering is die betiteling daarvan. Dit is dus nie om dowe neute dat daar gevra word vir titels nie. En soms kan dit 'n gewroeg en bewerasie afgee om 'n titel uit te dink!

Al die foto's in ons uitstalling was getiteld. Geen een het die niksseggende titel "ongetiteld" gehad nie (hoewel sommige mense sal sê die bedoeling van die titel "ongetiteld" is juis sodat elke waarnemer sy eie interpretasie aan 'n kunswerk kan gee).

Titels kan op verskillende vlakke 'n rol speel en ons onderskei die volgende:

- Dit kan bloot op 'n **beskrywende vlak** wees, byvoorbeeld "Palms".
- Dit kan verder op 'n **dieper vlak**, maar steeds redelik direk, wees, byvoorbeeld "Palms op die strand", miskien met 'n vakansietoneel in gedagte.
- Dit kan op 'n **woordspel-vlak** wees, byvoorbeeld "Vuil palms onder die palms", met verwysing na spelende seuntjies se modderbesmeerde handpalms in die skadu van 'n paar palms.
- Dit kan op 'n **sleutel-vlak** wees, waar die **titel** van die foto 'n **sleutel** is tot die **verstaan** van die foto, byvoorbeeld "Drie palms in die laaste lig" verwysend na 'n vergange leeftyd.

Laasgenoemde sleutelvlak geld natuurlik ook vir meer sake as net fotografie. Die digter NP van Wyk Louw het byvoorbeeld die volgende oor die eindreël(s) van gedigte opgemerk (en pluis maar self die lekker woordspeling uit): **Slotte is dikwels meer sleutels as slotte.**



facebook & webblad

Onthou om van tyd tot tyd Towerlantern se Facebook en webblad te gaan besoek. Jy sal allerlei wenke en idees daar teëkom. Die adresse is:

Facebook-adres: <https://web.facebook.com/towerlantern/>

Webadres: <http://www.towerlantern.co.za/>

Kamerawenk

Hierdie wenk kan nie genoeg herhaal en beklemtoon word nie – en ek praat in die eerste plek met myself!

Die wenk is baie eenvoudig:




Sorg dat jy jou kameralense gereeld skoonmaak (koop 'n skoonmaaksteltjie indien nodig) en meer nog, sorg dat daar nie stof op die kamerasensor in jou kamera is nie (kontak my daarvoor indien nodig).

Let op na die twee foto's hierby, een van 'n landskap en die ander van 'n klein gedeelte van die lug van dieselfde foto wat sensor-stofkolle toon. Kontroleer self jou kamera deur 'n foto van die blou lug te neem, dit te vergroot en te soek na kolle.

Maak vooraf wel net seker dat jou rekenaarskerm skoon is!

Deel gerus ook hierdie nota met jou vriende.



Het jy geweet dat Towerlantern ook 'n aanlynkursus aanbied? Dieselfde kursus, maar in die gerief van jou huis. Enige plek in die wêreld! Stuur 'n e-pos vir meer inligting.

Volgende eerstervlak-fotografiekursus

Ons volgende eerstervlak-fotografiekursus begin teen die einde van Oktober, en wel DV op 31 Oktober 2017. Oorreed 'n vriend of twee om dié kursus te kom bywoon. Soos gebruiklik bestaan die kursus uit 10 klasgeleenthede en dit strek oor ongeveer vier weke. Uit ervaring weet jy self watter waarde ons kursus(se) vir jou gehad het. Oortuig dus vriende van die waarde daarvan om so 'n kursus te volg.

Towerlantern Fotografie
- september 2017 -

Foto-uitdaging

Hier is vir jou 'n lekker foto-uitdaging wat jou R300 in die sak kan bring. Ons, die beoordelaars, soek na die beste wolkfoto, saam met 'n interessante titel. Ons besef dat September nog nie reëntyd is nie, en dat wolke maar skraps is – maar dis juis waar die uitdaging lê. Die foto moet geneem wees gedurende die tydperk 1 tot 21 September 2017 (maak seker dat die inligting by die foto se *Properties* gegee word) en dit moet ons bereik teen 24 September 2017.

Dries Grimbeek – pryswenner

Die Nederduitsch Hervormde Kerk, Grimbeek-park-gemeente, Potchefstroom, het onlangs hul jaarlikse basaar gehou. Maryke Schoonen, 'n lidmaat van dié gemeente, en helpers het 'n fotokompetisie en uitstalling van ingestuurde foto's gereël vir hierdie geleentheid. Dit het baie goed en mooi verloop.

Die wenner van die geleentheid is Dries Grimbeek met sy foto hierby. Baie geluk Dries! En die prys is die bywoning van Towerlantern Fotografie se volgende eerstevlakkursus. Dié begin op 31 Oktober.



Die tema van die kompetisie was Psalm 65. Die psalm kan baie wyd toegepas word; die beoordelaars het gevoel veral die laaste verse van die psalm kan baie treffend uitgebeeld word:

... sodat ook die mense in afgeleë lande ontsag kry vir die tekens van u mag; in die ooste en in die weste laat U die mense juig.

U sorg vir die land en gee oorvloed, U maak dit baie vrugbaar. Die groot riviere is vol water, U laat die koring welig staan. Alles is u werk!

U maak die ploëgvore vol water en die kluite nat, U laat hulle sag word van die reëns, U laat alles welig groei.

U kroon die jaar met u goeie gawes. Waar U ook gaan, is daar oorvloed!

Daar is volop weiding in die woëstyn; die bulle juig, die velde wemel van die klein-vee, die vlaktes staan vol koring; hulle juig en hulle sing.

Redakteur: Johan de Klerk Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs

Towerlantern Fotografie
- september 2017 -